21 Mei 2017

09:00 Reformasie 500 reeks-erediens – Nagmaal

Eric Scholtz

Teologie van die kruis

Geen Jnr Kategese of Kleuterkerk a.g.v. Nagmaal

18:00 Reformasie 500 reeks:
Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Peet Crous

Christus alleen

19:00 Belydenisklas

Gebed *Kleingroepe*

25 Mei 2017 *Hemelvaart*

Reformasie 500 reeks-erediens

09:30 Lynnwood Oord
18:30 Kerk
Johan Jooste

Geloof alleen

28 Mei 2017

09:00 Reformasie 500 reeks-erediens

Fay van Eeden

Genade alleen

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Almal welkom!

18:00 Reformasie 500 reeks:
Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)

Jakkie Strachan

Skrif alleen

19:00 Belydenisklas

"Reformasie 500" *Kleingroepe*

reformasie 500

Die aanvangsdatum vir die Protestanse Reformasie is 31 Oktober 1517. Dit is die datum waarop Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die Kasteelkerk in Wittenberg vasgespyker het. Dit is dus vanjaar vyfhonderdjaar gelede wat hierdie gebeurtenis plaasgevind het. Dit word dan ook vanjaar ooral in die Protestanse wêreld gedenk. Vanaf Sondagoggend 21 Mei word 'n reeks oor die Reformasie in Lynnwood aangebied. Dit sal oor ses geleenthede, wat Hemelvaartdag insluit, tydens die oggend- en aanddienste strek. Die temas wat aan die orde kom, is: die teologie van die kruis, Christus alleen, die geloof alleen, die genade alleen, die Woord alleen, en die eer van God alleen. Kom vier saam met die gemeente hierdie belangrike deel van ons geloofserfenis!

Leraarswyksbyeenkoms

Immanuel van Tonder se leraarswyk word uitgenooi na 'n leraarswyksbyeenkoms na die diens in Koinonia. Baie dankie aan almal wat 'n bordjie eetgoed gebring het.

Almal word hartlik uitgenooi na 'n

Sonsopkoms Hemelvaartdiens

op Donderdag 25 Mei om 06:00 gelei deur Fay van Eeden op die dak by die kerkkantoor. Koffie en beskuit vanaf 05:45. Bring asb. 'n kussing en kombers saam.

Nuwe Generasie

Baie geluk aan die volgende jongmense wat vanaand belydenis van geloof aflê: Karla Brink, Karla Esterhuyse, Hans-Peter Fechter, Jasper Jooste, Brenda Korb, Lara Maree, Graeme McCreath, Rohan Meyer, Mardi Uys en Jan-Harm van Helsdingen.

Baie dankie aan ons graad 10 ouers wat vanaand die teeskink behartig.

Kerkraadsvergadering 29 Mei 2017 om 19:00 in Koinonia

Kontak-inligting: Kerkkantoor: 012 348 1245 kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Koster: Frikan Erwee 083 603 4961. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie 08:15** (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie 08:30 (Kapel)** – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal)** – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk)** – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 083 540 6015. Tema: *Respek vir Randfigure.*
Woensdag:	**Studente-selgroep 19:00 (Sjêk)** – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep 19:00** – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	***Hemelvaart*** **Sonsopkoms Hemelvaart-diens 06:00** **Reformasie 500-reeks 09:30 (Lynnwood Oord)** – Johan Jooste Tema: Geloof alleen **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Reformasie 500-reeks 18:30 (Kerk)** – Johan Jooste Tema: Geloof alleen
Vrydag:	**Bybelstudie 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.** **Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.**

Voorbidding:

Rina van der Watt, Lynburn Village 26, Lynnwood Glen, 083 346 3153 – sterk aan na operasie.

Bewys van Lidmaatskap:

Gerda Prinsloo, Kings Highway 465B, Lynnwood, 076 179 6801.

Daar is min goed so lekker as om te smul aan 'n varsgebakte pizza wat nou net uit 'n pizza-oond kom! Bestel jou houtgevuurde 30cm pizza by die kerkkantoor of by die Info-toonbank voor 23 Mei om 12:00. Pizzas kan op 24 Mei tussen 18:00 en 19:00 by Koinonia afgehaal word. Margherita (pomodoro, mozzarella) - R50. Hawaiian (ham, pynappel) - R70. Regina (ham, sampioene) - R80.
Fondse ten bate van Nuwe Generasie projekte.

Studente en Jongvolwasse Social:
Kom toets jou kosmaak vermoëns en maak 'n prys-pizza!

Wanneer:	24 Mei 2017
Tyd:	18:30 vir 19:00.
Plek:	Koinonia.
Koste:	R100 pp (sluit pizza en 'n glas wyn in).
RSVP:	voor of op 21 Mei by Fay 083 478 0854.

Almal word hartlik uitgenooi na die **Pinksterdienste** wat vanaf Sondag 4 Junie tot Donderdag 8 Junie elke aand om 18:00 in die kerk deur **Dr Ockie Raubenheimer** gelei word.

Baie dankie aan almal wat hard gewerk en bygedra het tot die sukses van Caritas Sondag. Baie dankie aan almal wat bydraes belowe het. Dankie ook aan almal wat Nuwe Generasie se "40 dae - 40 items"-projek ondersteun het. Ons het meer as 130 sakke aan die CMR oorhandig. U meelewing word waardeer!

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb. u Voorletters en Van as verwysing) of *SnapScan.*

Snap here to pay
SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Die Kontak van dié week: Oor revolusie en/of reformasie

Ek sit op 'n stukkende sak sement. Die winterson skyn effens deur die dun wolke. Daar is lewe hier in die *township*, vreemde lewe, maar ook lewe. Beeste, bokke, varke en hoenders bewandel die strate en erwe. Hulle staan bekend as "location robots", omdat hulle die vloei van die verkeer hier beheer. Ek hoor musiek wat ek glad nie ken nie, en musiek wat ek ken, maar nie herken nie, omdat ek dit eenvoudig nie hier verwag nie. Die onvaste sinkstrukture is huise waarin mense slaap, nie skure, of ekstra bêreplekke vir toerusting en besittings nie. Hier is nie naamplate op straathoeke nie.

Ek probeer om op hierdie oggend aan die Reformasie te dink, omdat ons in die volgende paar weke by Lynnwood die 500 jaar herdenking daarvan vier. Keer op keer dwaal my gedagtes oor reformasie egter na gedagtes, en angs, oor revolusie. Dit is in my, en almal om my, se gedagtes en op ons tonge.

Die middag is ek by Lynnwood Gemeente se kerkkompleks, in dieselfde land as die oggend, maar in 'n ander wêreld. In die vierkant staan daar 'n graniet monument, vasgemessel met die ingebruikneming van die kerkgebou, met 'n aanhaling onderaan*: Ecclesia reformata, semper reformanda.* Een van die sogenaamde "leuses" van die Reformasie: Die kerk van die Reformasie moet altyd aanhou reformeer.

Dié Reformasieleuse kan maklik klink soos verandering terwille van verandering. Of, soos baie kritiek teen verandering in die NGK die afgelope paar jaar lui: dat die verandering wat nagestreef word bloot politiese korrektheid weerspieël, of dat die kerk besig is om by die wêreld in plaas van by die woord van God aan te pas, of, dat verandering aangedryf word deur duistere, selfs duiwelse, verskuilde agendas. Dit herinner nogal aan die weerstand teen verandering en die aantygings wat 500 jaar gelede gemaak is teen dié wat reformasie voorgestaan het. Ten spyte van al die kritiek teen verandering, kan die noodsaak vir verandering nie ontken word nie. Ons sal egter eers in die toekoms weet of dit wat ons vandag doen op die ou end goeie of gesonde keuses was.

Ons vier vanjaar die reformasie wat 500 jaar gelede plaasgevind het, en saam met ons viering daarvan kan ons nie anders as om weer na te dink oor die betekenis daarvan nie. En dalk belangriker, die betekenis van hierdie gebeure vir die kerk vandag, vir Lynnwood Gemeente, vandag. Dit gaan verskeie vrae aan ons stel:

Wat behels "altyd reformeer", of "aanhou reformeer" vir ons in 2017? Wat is die verskil tussen reformasie en revolusie? Wat het die kerk van die Reformasie te sê vir mense wat revolusie bepleit? Hoe kan ons reformeer sodat ons reformasies 'n verskil maak op die plekke waar revolusie lankal broei?

Hierdie vrae kan ons nie alleen, of op ons eie beantwoord nie. Ons kan nie net by die graniet monument staan en hieroor nadink nie, maar sal dalk eerder daardie leuse moet gaan bedink op die plekke waar die robotte nie ligte is nie, maar pote het, geluide maak, en meer onvoorspelbaar is as die ligte wat van Eskom afhanklik is.

Mag ons in dié tyd van onsekerheid en revolusie erns maak met die wysheid wat van vorige revolusies verkry is, sodat ons reg kan reformeer, sodat ons relevant gereformeerd kan wees te midde van dreigende revolusies. Mag ons dit saam met mekaar doen, en saam met dié wat in die ander, vir ons vreemde, wêrelde van hierdie land woon.

Jakkie Strachan (*Namens die predikantespan*)

Lees gerus in die Kontak e-pos of webblad www.nglynnwood.co.za

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal
*** Stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Langnaweek 16 (Jeugdag) tot 18 Junie 2017. Skole sluit 30 Junie 2017.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 4790.

Lynnwoorde: Die Lynnwoorde is ons kerkblad vir en van almal in die gemeente. Stuur asseblief 'n artikel oor enige interessante en/of belangrike gebeure in die gemeente vir die redaktrise by rykie.snyman@telkomsa.net sowel as aan die kerkkantoor by kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Alle bydraes word redigeer voor plasing in die blad en u hoef dus nie bekommerd te wees oor enige taalfoute nie. Kontak ook gerus die kerkkantoor indien u belangstel om in Lynnwoorde te adverteer.

Tygerpoort-gemeente bied hierdie jaar 'n musiekblyspel, Invloed, oor Pinkster aan!
Datum en tyd: Vrydag 26 Mei 2017 om 19:00 en Saterdag 27 Mei om 15:00 en 19:00.
Koste: R120pp en R80 (laerskoolkinders). Kosmark voor die tyd. Besprekings: www.ngtyger.com

Woonstel in Lynnwood Glen te huur beskikbaar: Skakel asb vir Heleen Murray 079 526 6555 / 012 348 7832.

Woonstel in Lynnwood Oord te huur: 1 Hoof slaapkamer, 1 vertrek wat gebruik kan word as 2de slaap-/studeer-/werkskamer. Oop plan sit-, eetkamer, kombuis en spenskas met spasie vir onderblad-wasmasjien. 1 Ruim badkamer met toilet, aparte bad en stort. Afsonderlike afdakparkering. Meer inligting by 012 361 4172/ 083 787 4172 / 083 787 4175.

Flaurana Senior Sorg: 24 uur mediese versorging, dagsorg, korttermyn vakansie sorg en veilige, liefdevolle omgewing. Navrae: 083 227 3370 of floraunaseniorsorg@outlook.com.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.